higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N4

1 Desember 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

X **EVEREST TVOO-KOLLEGE**
X **INTERNE MEMORANDUM**

X **AAN:** Personeel/Dosente/Alle personeel X **DATUM:** 10 Mei 2023
X **VAN:** Mev Thulisiwe Dludla/Die kampusbestuurder X **TEL:** Enige uitbreiding (Bv. X101)

X **ONDERWERP:** INSPEKSIE VAN KAMPUS NÁ VLOEDE
(Aanvaar enige toepaslike onderwerp)

INLEIDING: Ek het 'n inspeksie van die kampus gedoen ná die onlangse vloede en gee hiermee die volgende terugvoering.✓

HOOFDEEL:
- Die kampus is ontoeganklik.✓
- Daar is modder in die paadjies.✓
- Die klaskamers is oorstroom en nie geskik vir lesse nie.✓
- Die meubels is ook beskadig.✓
- Die paadjies is baie glad en dit is gevaarlik om daarop te loop.✓
- Meld volgende week by die kampus aan.✓
- Die kampus sal grootskaalse opruiming ondergaan om te verseker dat dit geskik is vir onderrig en leer.✓
- Wanneer u weer terugkeer, maak asb. 'n lys van items in u klaskamer wat beskadig is.✓
- 'n Versoek sal saam met die versekeringseis ingedien word om dit te vervang.✓
- Alle dosente moet reëlings tref om lesse aanlyn vir die res van die week aan te bied.✓

GEVOLGTREKKING:
- Dankie by voorbaat (Enige hoflike afsluiting)✓

X Handtekening/Voorletters

INHOUD: 12	**TAAL: 4**	**FORMAAT: 4**	**TOTAAL: 20**
Gee punte soos aangetoon deur die regmerkies	-½ per fout	Aangetoon met 'n X -1 punt per fout of weglating	

[20]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 D
2.1.2 C
2.1.3 B
2.1.4 A

(4 × 2) (8)

2.2 Waar (2)

[10]

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Datum van die vergadering
- Tyd van die vergadering
- Plek waar die vergadering gehou word
- Soort vergadering (Enige 3 × 2) (6)

3.1.2 Agenda (2)

3.2

X EVEREST TVOO-KOLLEGE

X Tel: Enige
X Faks: Enige

X Posbus 459
X Isipingo
X DURBAN (in hoofletters)
X 4091

X DATUM: 10–12 Mei 2023 (Enige van hierdie datums)

X Geagte personeel

X KENNISGEWING VAN SPESIALE VERGADERING (in hoofletters)✓

'n Spesiale vergadering sal Maandag 15 Mei 2023✓ om 10:00✓ in die raadsaal✓ gehou word.

Die doel van die vergadering is om die situasie op die kampus te bespreek.✓

X Die uwe

X Handtekening

X T. DLUDLA (MEV) (in hoofletters)
X KAMPUSBESTUURDER (in hoofletters)

X AGENDA
X 1. Opening en verwelkoming/bywoningsregister✓
X 2. Bywoningsregister/Verskonings✓
X 3. Verskonings/Opening en verwelkoming✓
X 4. Situasie op kampus✓
X 5. Vordering met opruiming✓
X 6. Voorraadopname✓
X 7. Versekeringseise✓
X 8. Afsluiting✓

INHOUD: 12	TAAL: 4	FORMAAT: 6	TOTAAL: 22
Gee punte soos aangetoon deur die regmerkies	-½ per fout	Aangetoon met 'n X -1 punt per fout of weglating	

(22)

[30]

VRAAG 4

X EVEREST TVOO-KOLLEGE

X MEMORANDUM

X **AAND:** Mnr Ngubane of Die hoof X **VAN:** Mev Dludla

X **DATUM:** 26 May 2023 X **TEL:** Enige uitbreiding

X **ONDERWERP: VORDERINGSVERSLAG RAKENDE OPRUIMING VAN KAMPUS**✓
(in hoofletters) (Aanvaar enige geskikte onderwerp)

X AGTERGROND
Ek is versoek om 'n vorderingsverslag✓ teen 26 Mei 2023✓ aan u te lewer rakende die opruiming van die kampus✓ vir voorlegging by die senior bestuursvergadering.✓

X DOEL
- Om die take te lys wat afgehandel is✓
- Om die take te lys wat tans aandag ontvang✓
- Om die take te lys wat nog afgehandel moet word✓

X TAKE AFGEHANDEL: ✓

X KANTORE
- Sekere kantore is teen 24 Mei 2023✓ deur die skoonmaakmaatskappy opgeruim.✓

X VOORRAADOPNAME
- Die voorraadopname vir assessering van die items wat in die klaskamers beskadig is,✓ is op 19 Mei 2023 deur die dosente afgehandel.✓

X TAKE WAT TANS AANDAG ONTVANG: ✓

X KLASKAMERS:
- Die opruiming van blok A se klaskamers word tans deur die skoonmaakmaatskappy gedoen.✓
- Datum vir voltooiing (Enige aanvaar)✓

X TAKE WAT NOG AFGEHANDEL MOET WORD: ✓

X KENNISGEWING:
- 'n Kennisgewing moet deur dosente aan studente✓ op sosialemedia-platforms gestuur word✓ rakende die terugkeer na die kampus.✓
- Datum vir voltooiing (Enige datum ná 26 Mei) ✓

X SLOT:
- Enige geskikte kommentaar rakende die kampusopruiming ✓✓

X **HANDTEKENING – MEV DLUDLA**

INHOUD: 20	TAAL: 5	FORMAAT: 5	TOTAAL: 30
Gee punte soos aangetoon deur die regmerkies	-½ per fout	Aangetoon met 'n X -1 punt per fout of weglating	

[30]

VRAAG 5

X EVEREST TVOO-KOLLEGE
X TEL: Enige
X FAKS: Enige

X Posbus 459
X Isipingo
X DURBAN (in hoofletters)
X 4091

X DATUM: Voor 30 Mei 2023 (links of regs)

X Mnr Davids
X Eienaar
X Design Furn
X Enige adres
X DORP/STAD (in hoofletters)
X Kode

X ONDERWERP: KATALOGUS EN KWOTASIE (in hoofletters) ✓
(Aanvaar enige geskikte onderwerp)

INLEIDING:
- Ek versoek hiermee 'n katalogus✓ en 'n kwotasie✓
- vir vervanging van die meubels op ons kampus hier onder gelys wat deur die vloed beskadig is.✓

HOOFDEEL:
- Die meubels wat vervang moet word, is 30 houttafels vir dosente✓
- 30 kantoorstoele✓
- 300 hout- en staaltafels en -stoele vir studente✓
- 6 groot, ronde houttafels✓
- 30 stoele✓
- Heg asseblief die katalogus✓ en kwotasie✓
- teen 23 Mei 2023✓
- by u antwoord via e-pos aan.✓

SLOT:
- (Enige hoflike afsluiting)✓✓

X Die uwe X ONDERTEKEN X MNR PETERS X VERKRYGINGSBEAMPTE

INHOUD: 15	TAAL: 5	FORMAAT: 5	TOTAAL: 25
Gee punte soos aangetoon deur die regmerkies	-½ per fout	Aangetoon met 'n X -1 punt per fout of weglating	

[25]

VRAAG 6

INHOUD: 10	TAAL: 2	FORMAAT: 3
Gebruik die AIDA-beginsel. Gee punte soos aangetoon deur die regmerkies	-½ per fout	Gee 1 punt per item hier onder getoon: • Oop ruimte • Verskillende lettersoorte • Rand
AANDAG: Gebruik van kleur/prente✓ en groot letters✓ **BELANGSTELLING/INLIGTING ('INTEREST/INFORMATION')** • Opskrif, bv. Aan alle studente✓ • Onderwerp, bv. TERUGKEER NA KAMPUS✓ • Inligting - Klasse hervat op 29 Mei 2023✓ op die kampus.✓ - Alle studente moet om 08:00 by hul gewone klaskamers aanmeld✓ - en die gewone rooster volg.✓ **BEGEERTE ('DESIRE'):** Nie in kennisgewing gebruik nie **AKSIE ('ACTION'):** • KONTAKBESONDERHEDE of vir enige navrae e-pos • Mev Thulisiwe Dludla by tdlulda@gmail.com ✓ OF • Kontak die dosente✓		

[15]

VRAAG 7

7.1 Die nieverbale kommunikasie stem nie ooreen met die verbale kommunikasie nie. (2)

7.2 Die nieverbale kommunikasie stem ooreen met die verbale kommunikasie. (2)

7.3 Hy vryf sy hande teen mekaar om hulle warm te maak✓ (nieverbaal) terwyl hy sê dit is koud. ✓ (2)

7.4 Sipho sê hy is mal oor sy werk✓ maar rol sy oë, wat 'n negatiewe aksie is✓ wat die teenoorgestelde toon. (2)

7.5 Nieverbale kommunikasie verwys na die oordrag van inligting✓ deur gesigsuitdrukkings,✓ gebare,✓ liggaamstaal,✓ ens., eerder as om woorde te gebruik. (4)

7.6 Sender✓ – persoon wat die boodskap stuur✓
Ontvanger✓ – persoon aan wie die inligting gestuur word✓
Boodskap✓ – die inligting wat van een persoon na 'n ander gestuur word✓
Kanaal✓ – die middel waarmee 'n boodskap gestuur word✓
Terugvoer✓ – die ontvanger se reaksie op die boodskap wat ontvang is✓
(Enige 4 × 2) (8)
[20]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou